



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.  
30 Januarie 2022

## Vanoggend

### Tema: Jy, God en jou roeping

**Skrifgedeelte:** Jeremia 1, teksvers 5  
*Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou **geken**; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My **gewy** en jou as profeet vir die nasies **aangestel**.*

God se werk in jou en my lewe het baie lank gelede al begin. Dit het begin voor ons nog mens was. Tóé het Hy al besluit dat Hy jou en my wil gebruik in Petrusburg in 2022. God beplan deeglik, en lank vooruit. Jou en my deelwees van sy werk in Petrusburg is nie toevallig of nou maar een van daardie dinge nie. God het sy huiswerk deeglik gedoen. Hy het baie tyd en energie en beplanning in jou belê. Want jy, en die rol wat jy in sy Koninkryk moet speel, is vir Hom verskriklik belangrik.



## Ons Program

### Vandag 30 Januarie

- **Erediens** om 9:30 en Ons Woning om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool en kategese**
- **Deuroffer:** Vennootskappe: NGKA Vrystaat
- **Verversings:** Wyk 4, baie dankie vir vandag se verversings. Almal is welkom en iets te drink en te ete te kom geniet na die erediens.

### Maandag 1 Februarie

Nie Normaalklas nie; ons het dit al verlede week gehou

### Sondag 6 Februarie

- **Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom: Belydenisaflegging.
- **Sondagskool en kategese**

- **Deuroffer:** Engo Kinder-en Jeugsorgsentrum
- **Vrouebediening** Dankbaarheidsbotteltjies ingee
- **Verversings:** Wyk 5

### Dinsdag 8 Februarie

- **Kerkraadsvergadering** om 18:00 in die kerk

### Ons Bybellees-program

- Ons is tans besig met die boek **Rigters**. Dit is die verhaal van die uiters onstuimige (en dikwels ontstellende) tyd in Israel toe elkeen gedoen het wat reg was in sy eie oë.
- As jy daagliks die kort oordenking wat ds Jaco oor die betrokke hoofstuk uitstuur, per WhatsApp wil ontvang, kontak hom of Elmien gerus.



## Só glo ons

### Die Heidelbergse Kategismus

**Vraag 86:** Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

**Antwoord:** Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.

## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

### Januarie

30 Grethe van der Berg

### Februarie

- 1 Susan Pretorius
- 3 Strauss Steenkamp; Tanya Terblanche
- 4 Desiree Fourie



## Huweliksherdenking

Februarie

- 2 Mauritz & Machteld Kotzé (48j)
- 5 Jakkie & Madette Lombaard (17j)

## Voorbidding

- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardige gewas aan sy long.
- Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal.
- Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.
- Anna Klok – behandeling in hospitaal.

## Vrouebediening

### Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderrivier) Mev. Sorina Stander

- 6 Feb Dankbaarheidsbotteltjies
- 8 Feb Kerkraadsvergadering 18:00 – Verversings
- 16 Feb Kerkraadsvroue-vergadering 14:30
- 4 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue
- 6 Mrt Nagmaal – Blomme en Nuusbrief
- 16 Mrt Bestuursvergadering (Bespreek basaar)
- 17 Mrt Skole sluit

### Vir alle dames: Nuus van die Vrouebediening-bestuur

Ons sluit die 6de Maart (DV), by die laaste Nagmaal van die kwartaal, weer 'n nuusbrief by die afkondigings in. Daar is egter enkele belangrike sake in aansluiting by die program van die Vrouebediening wat nie tot dan kan wag nie. Die bestuur het hierdie week vergader.

1. Verversings by eredienste word van 6 Februarie af deur die bestuur hanteer. Dit sal eenvoudiger eetgoed wees, maar dit sal die doel bereik dat ons 'n bietjie gesellig saam kan verkeer - buite, as dit nie te warm is nie, en ietsie het om by ons koppie tee te geniet. Doen asb moeite om 'n oomblikkie agter te bly, indien enigsins moontlik. Báie baie dankie aan Wyke 3, Modderrivier en 4 wat reeds beurte geneem het in 2022. Ons sal wel nog by spesiale geleenthede, soos Pinkster en die Kerssangdiens, by julle aanklop vir

eetgoed.

2. Die Vrouebedieningskantoor in die Vrystaat reël 'n vrouekamp DV 11 tot 13 Februarie by Amanzi, Brandfort. Ons het redelik laat die brief van die kantoor af gekry, so ons moet spoedig laat weet. Verblyf is nog net in die slaapsaal beskikbaar, met alle Covid19-protokol en genoeg badkamers. Indien daar mense is wat belangstel, laat weet groot asb vir Elmien (0845623434) teen Woensdag 2 Feb. Verder kan ons ook kies om slegs vir Saterdag 12 Februarie deur te gaan vir die dag indien ons omstandighede nie so is dat ons kan oorslaap nie. Almal wat belangstel om nét die Saterdag te gaan, kontak Elmien asb ook teen Woensdag. Twee persone se kamp-onkoste sal deur die Vrouebediening betaal word. Dagbesoekers se fooi sal minimaal wees - ek wag nog om van die kantoor te hoor...

3. Ons gee nou reeds kennis van die Kerkraad(svroue)/lede se vergadering DV Woensdag 16 Februarie om 14:30 in die kerkzaal. Daar moet asb ten minste een verteenwoordiger per wyk teenwoordig wees, indien moontlik beide ouderling- en diakensvrou. Indien een van daardie twee nie kan kom nie, moet 'n ander verteenwoordiger uit die wyk asb die vergadering bywoon. Dit is die enigste inligtingsvergadering van hierdie jaar, so ons sal nie aanmekeer nog vergaderings hou nie. Daar sal iets te eet en te drink wees. Dit sal teen 15:30 (op die laatste 16:00) klaar wees.

Baie dankie!

Liefde.

Elmien Thom en die Bestuur

---

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 [jaco@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za)  
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 [ngkpetrusburg@gmail.com](mailto:ngkpetrusburg@gmail.com)  
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 [elmien@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za)  
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 [annamarie.dercksen@yahoo.com](mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com)  
Webwerf: [www.ngkerkpetrusburg.co.za](http://www.ngkerkpetrusburg.co.za) facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)  
Kantoorure: Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00  
Bankrekening: ABSA Tjekrekening 2610580001